NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

9 Junie 2019

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Servaas de Kock. Pinksterfees en Nagmaal. **2 Tim 1 : 6-10**. *Vat vlam met die Gees.*
2. **Doop: Donovan en Anri Coetzee** met *Handré.*
3. **Kleuterkerk** (3-6jr) en **Kleinkerk** (Gr 1-2) in die koffiekroeg vir poppekas.
4. **Gee en geniet** (R10 vir koek en tee) na die diens op die kuierstoep.
5. **Omgeegroepe** soos deur leiers gereël.
6. **Welkom! Nuwe lidmate** meld na die diens by die kombuistoonbank aan.

DIE GEMEENTE SE LEWE

1. **Program vir die volgende weke**

16 Jun	Doop. Skoolvakansie
23 Jun	Ds Rian Steenkamp

2. **Randburg 1944 – 2019:** Die gemeente se 75ste verjaardag word feestelik aan die begin van November gevier. 'n Reëlingskomitee is reeds gevorm en lidmate word uitgenooi om deel daarvan te word. Kom dink en werk saam! Meld asb sommer dié week by die kerkkantoor aan.

VERJAARSDAGWENSE

09/06 Frikkie van Wyk
10/06 Gert Venter
11/06 Jacques Homan
12/06 Daniel Rossouw
13/06 Eugene Nieuwoudt
14/06 Deon Herbst, Koot Oosthuizen

BYBELPROJEK

Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R50** beskikbaar vir verspreiding deur lidmate. Lidmate kan spesifiek bydra tot hierdie subsidie-fonds maar word ook opgeroep om voortdurend bewus te wees van geleenthede waar hierdie "*goedkoper*" Bybels aan **verskillende groepe mense versprei kan word.** Verskeie vertalings is beskikbaar. Kontak vir Zelda Hertz (082 873 6458).

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Anna Breytenbach** (011 787 6765), **Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Marie Kruger** (079 308 5281), **Rina Vogel** (076 313 3817), **Dolf van den Berg** (011 886 0843), **Sannie van Dyk** (011 475 0271), **André en Lanie Jordaan** (083 634 3339), **Alida Richard** (072 194 3178), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Casper en Beth Spies** (011 787 2109), **Francois Lotriet** (084 512 5171), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **Hennie van der Schyff** (082 457 8871) en **Johan Kemp** (072 085 1222).
2. **Operasies en gesondheidsprobleme:**
   - **André Cloete** (082 446 7606) herstel na 'n operasie waarin 'n gewas verwyder is.
   - **Annie Oosthuizen** (067 031 1645) herstel steeds van 'n operasie en verskeie terugslae
   - **Annakie van Zyl** (084 043 3069) en **Hein Smit** (078 408 5318) herstel tuis na behandeling.
   - **Alta van Niekerk** (082 774 1464) ontvang intensiewe terapie.
   - **Rita de Lange** (083 415 5655) se dogter **Sloan** ontvang steeds intensiewe behandeling.
   - **Kosie en Christine Loots** (083 654 7678) se seun **Henno** is chroniese siek met 'n lewerkwaal.

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees. Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word: of SMS aan 082 570 4309.

Gebedskandelare teen die muur langs die groot ingangsdeure bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of asseblief kers* wil opsteek. Daar is ook versoek-kaarte wat ingevul kan word om spesifieke voorbidding te vra.

5 WEKE VAN WINTERSORG

Baie dankie vir elke bydrae om van hierdie projek 'n grootse sukses te maak. Die omvang van die seën wat daardeur aan mense uitgedeel is kan moeilik bereken word. Die ontvangers se opregte dankbaarheid vir hierdie liefdesdaad van God se mense in Randburg spreek boekdele. Aan God die eer want Hy het ons in staat gestel het om te kon seën! Winter 2020 maak ons weer so.

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 9 Junie – Handelinge 2 : 1-21

Stil word en aanbidding: Dink na oor God se teenwoordigheid in die wêreld rondom jou. Hoe is dit die afgelope tyd ervaar? Lees Psalm 104: 24-33 as 'n gebed.

Woord: Die Jode het drie groot feeste gehad: die Paasfees, Pinksterfees en Loofhuttefees. Die eerste twee was beide oesfeeste. Tydens Paasfees moes die eerste gerf van die oes as offer na die priester gebring word. Sewe weke later is Pinksterfees gevier, ook genoem die Fees van die Weke. Dan is die eerste brood wat gebak is van die meel van die oes wat pas ingesamel is, as offer gebring. God is gedank vir die reën, die vrugbaarheid van die grond en die oes wat ingesamel is. Die siklus van planttyd tot oestyd is voltooi. Die uitstorting van die Heilige Gees het "op die dag van die Pinksterfees" plaasgevind. Die uitstorting van die Heilige Gees dui nou daarop dat alles wat God gedoen het, nou voltooi is. Nou met die koms van die Heilige Gees, kan die vrug daarop, die "oes", geniet word. Die Gees stel ons in staat om dit ten volle te geniet. Lees Hand. 2:1-21.

Gesprek

1. Die eerste van die 3 tekens wat met die koms van die Heilige Gees gepaardgegaan het, was "'n *geluid soos van 'n geweldige stormwind*". Die geluid het gedien het om vrees by gelowiges in te boesem, om hulle hulle eie hulpeloosheid te laat besef, want met trotse mense wat op hulleself staatmaak, kan God nie werk nie. Die wind teken die Heilige Gees as 'n gedugte mag wat deur die wêreld, die kerk, en mense se lewe trek en hulle verander, hulle uit hulle verkeerde opvattings uitruk, en hulle neem waar hulle nie voorheen wou wees nie. *Gesels of die Heilige Gees mense ook in ons tyd los skud van hulle skynbaar veilige en vaste fondamente.*

2. Die tweede teken: "Hulle het *iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het*." Vuur is op talle plekke in die Skrif gebruik om God se teenwoordigheid aan te dui en is ook simbool van reinigende krag wat onreinheid wegneem. *Tot watter mate, dink julle, het ons as Jesus-volgelinge dit nodig dat die vuur van die Gees ons eg, suiwer, skoon en onvervals maak?*

3. Die derde teken: "*in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom*." Die teken van die vuur tonge sê dat die Heilige Gees aan Jesus-volgelinge 'n tong van vuur gee om van Jesus te getuig. *Is getuienis deurlopend steeds 'n prioriteit van Jesus-volgelinge*? *Hoe word dit sigbaar in ons leefwêreld?*

4. **Die Heilige Gees werk** ... op watter maniere sien ons die werking van die Heilige Gees vandag? Hoe ervaar julle dit? Hoe verduidelik ons dikwels die teenwoordigheid van die Gees in ons lewens? Wat is die gevolg van die Gees se werking in my lewe in 2019?

Doen en Dink: Hoe het die Gees jou verander? Het die Gees jou hart, houding, denke, optrede ens. verander? Wat was die gevolg? Die Heilige Gees bemagtig ons om ons geloof te gaan deel en ons hande na ons naaste uit te strek. Hoe en wat kan julle hierdie week daarmee gaan doen?

DATUMS OM TE MERK

Week van 21 Julie - *Fokusweek Gesinne*

Week van 18 Augustus – *Fokusweek Inspirasie*

Vrydag 30 Augustus - *2019 Wynveiling en Gemeente-ete*

Week van 1 September – *Fokusweek Huwelik*

SNUFFELGIDS

1. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
2. **Moedeloos met gesondheid?** Ozone behandeling. Fat Freezing. Kontak 066 232 0942 of www. mwellness.co.za.
3. **Just Bee-Coz Creations:** Kontak ons gerus vir enige funksie se dekor. Van troukaartjies tot kinderpartytjies. Geskenkies en vele meer. Anna Meeding - 079 494 6155.
4. **Herstelwerk:** Enige bestaande of nuwe huise/besighede, verbeteringe, herstel en opknappingswerk. Ons doen ook elektriese installasies, loodgieterswerk, palissades en motorhuisdeure. Skakel Marius by 082 481 4863 vir verdere navrae.
5. **Koop jy huis? Doen jy veranderinge aan jou huis?** Dan het jy hierdie boek nodig. Alles wat jy moet weet! Kontak Albert van Wyk - 083 375 6789 of www.proudhomeowner.co.za.
6. **Te huur:** Moderne ruim tuin woonstel vir R6 950 pm, eie parkering, veilig, swembad, internet. Sentraal geleë, ten volle gemeubileer. Kontak 082 920 6163 vir navrae.
7. **Beskikbaar:** Vakansiehuis in Marlothpark (grens aan die Krugerwildtuin) oor naweke of langer. Kontak Inez Steyn (082 684 4339) vir navrae.
8. **Ekstra Wiskunde klasse:** Martha Straat (Noord), Moret, Randburg. Kan enige graad help van Gr. 1 - 12. Afrikaans of Engels. R250 per uur, per kind. Ria van den Tillaard, 072 202 7563.
9. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
10. **Tyddeel-week** te Umzumbe, Natal Suidkus 16 - 23 Aug. Kan 6 mense akkommodeer. Skakel Inez Steyn - 082 684 4339.
11. **Rekenkundige dienste en belasting praktisyn:** Wye verskeidenheid funksies beskikbaar. Skakel 079 383 6184 of e-pos: dspringle@mweb.co.za
12. **Halfdag-pos: Is jy lus vir lekker uitdaging?** Het jy die geduld om vir kleuters rekenaarvaardighede aan te leer? Halfdag-pos beskikbaar vir toegewyde, energieke jong dame woonagtig in die Randburg en omliggende areas (-+ 10km). Goeie rekenaarkennis, bestuurderslisensie en passie om met kinders te werk noodsaaklik. Kontak Martie 083 707 1855 of e-pos CV na stimu36@mweb.co.za.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.

Laai die toepassing (app) met die selfoon se *App Store* af of besoek www.GetSnapScan.co.za

tuisblad.